NG GEMEENTE
NYLSTROOM-OOS

SUIKERBEKKIE FEES

MEER AS NET 'N FEES
DIS ONS STORIE

SUIKERBEKKIE
FEES

# NG Nylstroom-Oos
# 31 Julie 2026

*Versoek vir 'n markstalletjie vir:*

*Vry31 Julie: 16:00-21:00*

**Bepalings en voorwaardes**

- Lys asb jou produkte wat jy wil verkoop, so volledig moontlik. Foto's van jou produkte moet saam met jou versoek vir 'n stalletjie gestuur word;
- Produkte mag nie aanstoot gee, rassisties of seksisties wees nie en mag nie vloekwoorde of onwelvoeglike boodskappe daarop gedruk hê, of bevat, nie;
- Ruimte beskikbaar: standaardruimte van 3mx3m; of as jy 'n waentjie het 3m x 6m
- Jou uitstalruimte sal deur die Feeskomitee aan jou toegewys word en vooraf met jou gekommunikeer word;
- Die Feeskomitee sal standaard lengte staaltafels beskikbaar stel vir gebruik, asook stoele (geen ekstra koste);
- Jy is welkom om 'n banier vir jou stalletjie op te sit binne jou aangewese ruimte;
- Kleingeld vir jou stalletjie is jou verantwoordelikheid;
- Alle voorraad word op eie risiko op die feesterrein gelaat. Die Feeskomitee maak wel gebruik van 'n sekuriteitsmaatskappy wat nagwagte sal plaas, maar aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige diefstal of skade nie;
- Daar sal vooraf toegangspermitte aan stalletjiehouers gegee word vir Vrydag 31 Julie 2026. Voor 15:30 word toegang beperk tot werkers en uitstallers. Hou dit beskikbaar in jou voertuig of aan jou persoon om aan sekuriteit te toon;
- Indien 'n stalletjiehouer enige skade aan die eiendom of infrastruktuur van die gemeente aanrig, sal hy/sy verantwoordelik gehou word vir die totale vervangingskoste daarvan. Die Feeskomitee sal 'n faktuur aan die stalletjiehouer uitreik wat binne 30 dae vereffen moet word;
- Stalletjies moet hulle uitstalruimtes skoon en netjies hou. Vullishouers is beskikbaar op die terrein;
- Stalletjies kan opgeslaan/reggekry word vanaf Vrydag 31 Julie 2026 11:00 tot 15:30.
- Daar word van stalletjies verwag om oop te wees vanaf die aanvangstye soos aangedui op bl 1 van hierdie ooreenkoms.
- Gewone stalletjies word beperk tot 2 lede gratis deel van uitstalkoste en kosstalletjies word beperk tot 4 persone per uitstalruimte.
- Hierdie vorm en jou bewys van betaling moet voor/op 24 Julie 2026 by die kantoor wees. Stuur elektronies na: kerkkantoor@ngoos.co.za of handig 'n harde kopie in by die kantoor.

**Algemene reëls, gedragskode en verantwoordelikhede**

Die Feeskomitee behou die reg voor om 'n stalletjiehouer daarvan te weerhou om 'n stalletjie te beset, of om 'n stalletjiehouer te verwyder of te laat verwyder wanneer so 'n stalletjiehouer nie voldoen aan die regulasies nie, onder meer :

- wanneer 'n stalletjiehouer hom/haar aan wangedrag skuldig maak,
- wanneer 'n stalletjiehouer se gedrag steurend is vir ander uitstallers of die publiek,
- geen diere word op die feesterrein toegelaat nie en ook nie in die stalletjies nie,
- as 'n stalletjiehouer mag jy drank vir eie gebruik hê, mits jy die nodige ingangsfooi vir drank betaal het,
- as 'n stalletjie se infrastruktuur onveilig is vir die publiek,
- as 'n stalletjie onnet gelaat word, byvoorbeeld afval wat rondlê ensovoorts, wanneer jy vertrek,en
- as 'n stalletjiehouer enige kriminele oortreding begaan.

**Stalletjiekoste**

Die koste van ‘n stalletjie sonder krag is R150 (honderd en vyftigrand alleen) en met krag is dit R200 (twee honderd rand alleen) vir die tydperk aangedui.

**Betalings**

Net direkte bankdepositos of EFT word aanvaar.

Bankbesonderhede:

NG Kerk Nylstroom-Oos

FNB, Modimolle, 260 247

6242 806 4414

Lopende rekening

Verwysing: Voorletters, van, FEES26

**Kansellasie van stalletjies**

Indien jy jou stalletjiekoste betaal het en binne 10(tien)kalenderdae voor die aanvang van die fees kanselleer, word 'n kansellasiefooi van 50% van die totale bedragteruggehou. Indien jy binne 7 (sewe) kalenderdae voor die fees kanselleer, word die volle bedrag teruggehou. Kansellasies moet skriftelik gerig word aankerkkantoor@ngoos.co.za.

## STALLETJIE AANSOEKVORM

**Voltooi asb. in drukskrif/elektronies:**

| | |
|---|---|
| **Naam** | |
| **Van** | |
| **Besigheidsnaam** | |
| **Posadres** | |
| **Fisiese adres** | |
| **Telefoonnommer** | |
| **Selfoonnommer** | |
| **E-posadres** | |
| **Alternatiewe kontakpersoon as jy nie beskikbaar is nie** | |
| **Naam en Van** | |
| **Telefoonnommer** | |
| **Selfoonnommer** | |

| | | |
|---|---|---|
| Wat is die hoofproduk wat jy verkoop? | | |
| Verskaf ŉ volledige lys van al die produkte wat jy beplan om te verkoop en lys die hoofproduk eerste:<br><br>(Bv. juweliersware, skoene, klere, leerwerk, ens.): | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| Hoe word jou produk vervaardig: | Met die hand | In ŉ fabriek |
| | | |
| Krag | Ja | Nee |
| Hoeveel mense per staanplek | | |

**Ek verklaar dat ek al die reëls en regulasies gelees het en daarby sal hou.**

______________________________ ______________________________

Handtekening Datum